



2) **WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU vir CHO**  
**Reeks H: Inougurele Redes Nr. 25**

3) **DIE CHRISTENONDERWYSER:  
ROEPING EN TOERUSTING**

**S.S. Barnard**

Potchefstroomse Universiteit vir CHO  
1976

# DIE CHRISTENONDERWYSER: ROEPING EN TOERUSTING

## 1. DIE ROEPING VAN DIE CHRISTENONDERWYSER

### 1.1 Lewens- en wêreldbeskouing

Van al die lewensbedrywighede van die mens is die onderwys en opvoeding die belangrikste. Ten spyte van al die moderne hulpmiddels en tegnieke wat aangewend word om die tekort aan bekwame en goed toegeruste onderwysers die hoof te bied, bly die persoonlikheid van die onderwyser onvervangbaar.

Geen onderwys kan religieus neutraal wees nie. Dit is derhalwe ondenkbaar dat iemand sonder 'n lewensbeskouing onderwys kan gee, want die lewensopvatting bepaal tog immers die rigting waarin die onderwys moet plaasvind. Lewensbeskouing is beslissend vir die aard, wese, doel en struktuur van die onderwys en opvoeding. Daar is 'n innige en onlosmaaklike verband tussen die lewensopvatting van die onderwyser en sy onderwys en opvoeding. Die onderwyser se besondere lewens- en wêreldbeskouing sal dus sy onderwys- en opvoedingspogings sterk beïnvloed.

Die onderwyser wat Christelike onderwys wil gee, moet as oortuigde Christengelowige Christelik-opvoedend werksaam wees. Die Christenonderwyser voel hom geroepe om sy fundamentele oortuigings aangaande God, mens en wêreld uit te leef, ander te inspireer en om dit aan sy leerlinge oor te dra. Die gelowige, toegewyde Christenonderwyser se positiewe Christelike lewens- en wêreldbeskouing, genormeer na die eise van God se Woord, sal duidelik spreek uit elke gebaar, elke stemtoon, elke blik na die kind, elke uitgesproke woord en elke glimlag.

### 1.2 Christelike mensbeskouing (Antropologie)

Die onderwyser kan sy besondere roeping slegs verstaan en volvoer wanneer hy weet wie die mens is, want gesonde en doelmatige kommunikasie tussen die opvoeder en opvoedeling is slegs moontlik indien dit op 'n gesonde mensbeskouing gegrond is.

Die hedendaagse minagting van norme en beginsels in die opvoeding en onderwys berus op die eksistensialistiese antropologie van die twintigste eeu wat die mens sien as wese wat in 'n selfgekoose humanistiese vryheid sy eie lewe ontwerp. Dit is veral in ons cietydse en gekompliseerde samelewing met die opkoms van groot metropolitaanse gebiede, meganisasie, outomatisasie, indus-

trialisasie en minagting van norme en beginsels dat die menslike beeld so bedreig word dat die eenheid van die mens nie uit die oog verloor mag word nie. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die onderwyser-opvoeder 'n heldere en duidelike mensbeeld moet hê.

Teenoor die verskeidenheid van humanistiese mensbeskouinge sal dit die taak van die Christenonderwyser wees om die wese en bestemming van die mens in die lig van die Heilige Skrif te verklaar. Die volgende perspektiewe is in hierdie verband van belang:

\* Die mens, geskape na die beeld van God, is 'n *religieuse wese*. Die mens is geroepe tot geloof, bekering, heiligmaking, lydsaamheid en volharding teenoor die magte van ongeloof en twyfel. Die onderwyser se opvoedkundige denke en opvoedingspraktyk word dus beslissend beïnvloed deur sy religieuse voorveronderstellings.

\* Die mens is 'n *eiesoortige wese* met 'n eie individualiteit, persoonlikheid, denkvermoë en wilslewe, en kan radikaal van God, sy medemens en die dier onderskei word; wat met die Godgegewe toerusting geroep is vir 'n unieke taak in die diens van God en die medemens, sodat die mens se uniekheid nie kan lei tot sinledige individualisme en fragmentering nie. Die onderwyser moet dus sy vakkese so doen dat sy kennis gevorm word in die rigting van sy besondere aanleg ten einde sy roeping in diens en tot eer van God en in diens van die medemens na behore te kan vervul.

\* God roep en die mens moet ooreenkomstig die eise van God selfstandig antwoord op alle take wat aan hom opgedra word. In die uitvoering van sy roeping staan die onderwyser as *antwoordgewende wese* voor God.

\* As *verhoudingswese* is die mens as skepsel én kind van God afhanklik van en betrokke op sy Maker, en is op sy mede-skepsel aangewese vir die uitlewering van die liefdesgebod omdat hy steeds enkeling-in-gemeenskap bly. In sy verhoudingslewe is die individu gebonde aan wette en norme wat God aan hom gegee het. Liefde speel 'n fundamentele rol in al die verhoudings waarin die mens staan. In sy verhouding tot die leerlinge, hulle ouers en sy kollegas sal die Christenonderwyser die liefde beoefen. Die grootste krisis waarin die hedendaagse jeug hom bevind ontstaan juis grootliks uit die gebrek aan gesins-, familie-, kerk-, volks- en ander gemeenskapsbande. Die onderwyser sal belemmering in hierdie verband teëwerk en gesonde verhoudinge bevorder en opbou.

\* Die mens is geen anonieme wese nie maar *personale eenheid* wat in sy religieuse „ekheid” veel meer is as die som van sy dele of funksies. Die eenheid van al die menslike funksies, byvoorbeeld geloofs-, etiese en estetiese funksies, trek in die hart saam wat op God gerig is.

\* As *sondige en gebroke wese* is die mens, vanweë die verwoestende mag van die sonde, van nature geneig om God se gesag te verwerp en om sy naaste leed aan te doen. Gelukkig is die stryd tussen goed en kwaad geen wanhoopige stryd nie want Christus het reeds die kwaad oorwin – vir die Christen-

onderwyser is die kind dus nog opvoedbaar.

\* Roepingsvervulling beteken vir die Christenonderwyser *bestemmingsverwesenliking*. Deur die geloof in Christus kry die mens deel aan die verlossing, om sodoende burger van God se koninkryk te word. Hierin is die Christenonderwyser tog immers die medewerker van God. Hy besef sy eie onvolkomenheid en afhanklikheid maar hy beroep hom op die gesag, die hulp en die leiding van God – elke onderwyshandeling moet dus gedra wees deur geloof, hoop en liefde.

\* Elke mens (ook die onderwyser) is as individu-in-gemeenskap onlosmaaklik gebonde aan die *Godgegewe natuurwette, sedewette, denkwette, die religieuse liefdeswet, estetiese wette, ekonomiese wette, ens.*, of hy dit ook al wil erken of nie.

In sy beroepslewe sal die Christenonderwyser tot beroepsintegrasie kom deur al die verskillende aspekte van sy verhewe beroep in harmonie tot 'n eenheid te verbind. Hy sal sy besondere beroep met die optimum vaardigheid beoefen, en al die verskillende verhoudinge (onder andere die gesagsverhoudinge) in sy beroepslewe realiseer volgens suiwere beginsels. Hy sal hom onvoorwaardelik in diens van die koninkryk van God stel.

In die onderwys- en opvoedingshandeling is die Christenonderwyser geroepe om die kind wat aan hom toevertrou word te lei en te vorm tot 'n geïntegreerde persoonlikheid, elkeen volgens sy unieke aard, gereed vir die gemeenskapslewe, ingestel op die ware vryheid en verantwoordelikheid, gedra en gerig deur geloof en verwagting in God.

### 1.3 Roeping

Die Christenonderwyser weet uit die Woord van God dat hy skepsel van God is, en dat hy persoonlik verantwoordelik voor God is om uitvoering aan die opdragte van God op alle lewensterreine te gee. Die primêre en deurslaggewende roeping van die mens is om die koninkryk van God op alle terreine – ook op die skoolterrein – te proklameer en te vestig. Deuteronomium 6:5 bepaal dat die mens geroepe is om die Here lief te hê en te dien met die hele hart, die hele siel en met alle krag. Die onderwyser het benewens hierdie algemene roeping ook binne die skoolverband 'n spesifieke roeping wat hy in verantwoordelikheid teenoor God moet vervul. Om sy roeping duideliker te verstaan, moet die onderwyser die normatiewe struktuurgrense van die werkterrein waarin hy gestel word verstaan en daarvoor perspektief hê.

Dit is die onderwyser se roeping om die relatief ontslote moontlikhede wat God in die kind en in die skepping gelê het te ontvou, om sodoende kultuur tot stand te bring. Beskawingsontplooiing en beskawingshandhawing is geensins religieus neutraal nie. Vir die genormeerde beskawingsontsluiting het God vir die mens beginsels gestel wat hy in gehoorsaamheid moet positiver en kon-

kretiseer.

Om sy roeping te vervul moet die onderwyser met kennis, begrip en liefde vir sy taak toegerus wees. Geen ware opvoeding is moontlik as die liefdesgebod nie gehoorsaam word nie. Indien die onderwyser faal om die kind op 'n liefdevolle en versorgende wyse tot beskawingsmondigheid op te voed, sou hy aan sy roeping radikaal ongehoorsaam wees — sy onderwyspoging sal dan gebrekkig en eensydig wees en stagneer tot blote tegniese vaardighedsopleiding.

Die Christenonderwyser wat die kind sien as 'n wese met 'n ewigheidsbestemming sal in die vervulling van sy roeping 'n radikaal verskillende standpunt huldig ten opsigte van opvoedingsvraagstukke soos byvoorbeeld die opvoedingsdoelstellinge, die curriculum en die metode van die onderwys as die nie-Christen wat slegs ingestel is op die aardse en die tydelike. Met betrekking tot die opvoedingsvraagstukke sal die persoon van die opvoeder-onderwyser, soos wat dit kortliks hieronder aangetoon sal word, steeds 'n sleutelposisie inneem.

\* *Opvoedingsdoelstellinge*

Die opvoedingsdoelstellinge is allesbepalend vir die onderwyshandeling. Die humanis streef die outonome persoonlikheidsvorming van die individu as doel na, die intellektualis met sy onversadigbare dors na kennis ter wille van die kennis erken geen ander doel bo die feitelike nie, en die pragmaties beklemtoon die sosiale bruikbaarheid. Vir die Christenonderwyser is kennis en vaardighede nuttige middele om die sonde te bestry en om God en medemens te dien. Met al die middele tot sy beskikking moet die onderwyser meewerk aan die koms van die koninkryk van God in hierdie wêreld. Die uiteindelige en allesbepalende onderwysdoelstelling moet dan wees om die kind te lei en te vorm tot die vrywillige aanvaarding en selfstandige, vrywillige uitvoering van sy Goddelike roeping op aarde.

Dit is die heerlike en verhewe roeping van die Christenonderwyser om die kind bewus te maak van sy beeldskap (enigsins verwronge vanweë die sondeval) van God. Hy moet help om die kind as luisterende wese „oop” te stel vir die Woord van sy Maker waarop daar met die hele wese geantwoord moet word. So word opvoeding bevry van die vernederende sinneloosheid van blote aanpassing by omstandighede wat deur die naturalis beoog word.

Die Christen-Afrikaneronderwyser sal in ons Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, waarin die Afrikaner se besondere geskiedenis, kultuurpatroon en volksaard weerspieël word, die Protestants-Christelike (i.c. Calvinistiese) lewens- en wêreldbeskouing by ons kinders inskerp.

### \* *Onderwysinhoud*

Ook die inhoud van die leerstof is geen religieus-neutrale saak nie. Hulle wat geen doel bo die feitlikhede erken nie en siellose, bloedlose neutrale onderwys bloot ter wille van die kennis opdis, bevorder net die gevoel van magtelootheid en sinloosheid wat hom reeds van soveel mense meester gemaak het.

In teenstelling met die kosmologiese verabsoluttering van diegene wat die werklikheid as enigste bron van kennis aanvaar, glo die Christenonderwyser dat die Bybel as Bron van kennis waarhede aangaande God, die mens en die werklikheid bied wat vir elke skoolvak van fundamentele betekenis is. Slegs met die verhelderende lig van die Skrif kan die onderwyser sy vak verstaan want die „... vrees van die Here is die beginsel van die kennis...” (Spreuke 1:7), en „U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad” (Psalm 119:5). As gevolg van die sondeval is die mens se verstand sodanig verdof dat hy in Sy lig die lig moet sien (Psalm 36:10). Christelike onderwys wil niks nuuts tot die onderwys byvoeg nie, maar die Skriflig is onontbeerlik vir elke vak want dit laat ons Gods skepping in sy ware realiteit sien.

Binne die breë struktuur vir Christelik-nasionale onderwys moet die Afrikanerkind weerbaar gemaak word. Dit kan alleen gedoen word volgens een opvoedingsbeginsel, naamlik die Christelike. Die universele waarde van die Bybelperspektiewe kan alreeds geopen word vir die kind in die primêre skool. Vanweë die gevaar vir die „kweek” van „skisofrene” deur onderwysers wat slegs in Godsdiensoonderrig Christelik is, moet die ware Christenonderwyser Godsdiensoonderrig steeds prominenter, indringender en met groter toepassingskrag oordra.

### \* *Onderwysmetode*

Selfs die seleksie van die metode van onderwys is betrokke by die religieuse uitgangspunt – didaktiek is prinsipiële arbeid en derhalwe religieus bepaald. Dit kan en mag dus nie neutraal wees nie. Christenonderwysers sal nie slegs die werklikheid beskryf nie, maar dit ook vanuit eie prinsipiële oortuigings verklaar en verifieer.

Met die beoefening van die wetenskap behoort onderwysers, veral in sekondêre skole, veel meer aandag aan die vertrekpunte in die wetenskap te skenk. Christenonderwysers moet ernstig daarteen waak dat die neutrale deïstiese wetenskap nie in ons skole sy inslag kry nie.

Christelike didaktiek deur die vaslegging van blote meganiese begrippe en intellektualisme, waar dit gaan oor kennis ter wille van kennis en wat dikwels lei tot opgeblasenheid, af, maar streef na kennis met sin en betekenis waardeur die koninkryk van God uitgebou kan word. Christelike didaktiek is dus nie bloot op die denke van die kind ingestel nie maar ook op sy gevoel en wil.

## 2. TOERUSTING

### 2.1 Die opleiding van onderwysers: 'n historiese oorsig

Gedurende die jare van die Zuid-Afrikaansche Republiek was onderwysersopleiding feitlik uitsluitlik 'n praktiese opleiding deur die kwekelingstelsel. Na die Vrede van Vereeniging is daar tydens die Milner — Sargant-onderwysbeleid heel spoedig oorgegaan tot die oprigting van onderwysersopleidingsinrigtings. Die Pretoriase Normaalkollege is reeds in September 1902 gestig en die Johannesburgse Normaalkollege ongeveer 'n maand later. In 1909 is die Heidelbergse Normaalkollege geopen.

In 1905 is twee verskillende onderwysdiplomakursusse in Transvaal ingestel, naamlik 'n derdeklas-onderwysertifikaat wat studente sonder 'n matrikulasiesertifikaat na 'n opleidingstydperk van twee jare kon verwerf, en die tweedeklas-onderwysertifikaat wat matrikulante na 'n jaar, en gegradueerdes na slegs ses maande kon verwerf.

Voor en onmiddellik na Niewording was daar slegs 'n geringe persentasie leerlinge wat sekondêre onderwys ontvang het. Sekondêre onderwys was die prerogatief van die verstandelike elite en die welgesteldes. Die primêre skool was die volksskool en onderwysers vir primêre skole is na die voltooiing van die sewende of agste standerd aan normaalkolleges opgelei. (Die sogenaamde normaalskole het eers in 1912 tersiêre inrigtings geword toe die toelatingsvereiste vir onderwysertifikate vir primêre onderwys op standerd tien gestel is).

Onderwysers vir sekondêre skole is toe slegs aan die universiteitskolleges opgelei. Omdat die aanvraag vir tersiêre onderwys toentertyd gering was kon die enkele bestaande universiteitskolleges aan al die behoeftes voorsien.

Gedurende 1919 is nog twee normaalkolleges in Transvaal geopen, naamlik op Potchefstroom en op Ermelo.

Volgens 'n ooreenkoms wat in 1920 aangegaan is tussen die Transvaalse Onderwysdepartement en die universiteite kon studente voortaan 'n gekombineerde akademiese en professionele kursus gelyktydig aan 'n normaalkollege en die naaste universiteit volg. Na aanleiding van die klagtes wat op hierdie reëling gevolg het, naamlik dat studente die akademiese vorming by die universiteite belangriker ag as die professionele vorming by die onderwyskolleges, het H. Scott, Direkteur van Onderwys, in 1925 beweer dat die grondige vakkennis wat onderwysers deur die akademiese opleiding verkry die status van die onderwysprofessie verhoog en dat beter toegeruste onderwysers die skole beman.

Vir meer as vyftig jaar (sedert 1910) is daar pogings aangewend om 'n eenheid ten opsigte van onderwysersopleiding te bewerkstellig; maar die gevolg

was net die teenoorgestelde. Dié ongelukkige bedeling het meegebring dat die verskillende universiteite, provinsiale onderwyskolleges en kolleges vir gevorderde tegniese onderwys onderwysers vir primêre sowel as vir sekondêre skole opgelei het en gesamentlik 'n bonte verskeidenheid van meer as honderd verskillende soorte onderwysdiplomas uitgereik het.

Die Nasionale Adviserende Onderwysraad wat op grond van Wet nr. 86 van 1962 ingestel is, het sy onmiddellike aandag geskenk aan die oorfleueling en geldverkwisting ten opsigte van onderwysersopleiding. Op aanbeveling van die Nasionale Adviserende Onderwysraad het die Minister van Nasionale Opvoeding in 1967 'n wetsontwerp ter tafel gelê waarvolgens alle onderwysers aan institute, verbonde aan universiteite en beheer deur die universiteite sowel as die betrokke onderwysdepartemente, opgelei sou word. Vanweë ernstige druk van die kant van sekere provinsies en kerkleiers teen die genoemde wetsontwerp is 'n kommissie onder voorsitterskap van dr. J.S. Gericke benoem om die kwessie van onderwysopleiding te ondersoek en aanbevelings te maak. Die Gericke-kommissie se aanbevelings is in 'n erg gewysigde vorm vervat in die Wysigingswet op Nasionale Onderwys (Wet nr. 73 van 1969) wat onder andere bepaal dat onderwysers vir sekondêre skole slegs aan universiteite (behoudens uitsonderings wat die minister bepaal) opgelei word en onderwysers vir die primêre skool aan universiteite en onderwyskolleges, maar vanaf 'n datum wat deur die minister bepaal sal word aan 'n universiteit en 'n onderwyskollege in noue samewerking met mekaar.

Die Nasionale Adviserende Onderwysraad het die opheffing van die verdeelde beheer oor die onderwys as apriori nommer een gesien en die uitvloeiende hiervan was die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 39 van 1967).

## **2.2 Wette nrs. 39 van 1967 en 73 van 1969 ten opsigte van onderwysersopleiding**

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal dat die staat die onderwys vir blankes beheer. Deur wetgewing, naamlik die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 39 van 1967) en die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 73 van 1969), word dit vereis dat die openbare skole 'n Christelike en breë nasionale karakter moet hê. Daar word ook voorsiening gemaak vir die beleid wat ten opsigte van onderwysersopleiding gevolg moet word sodat onderwysers sodanig opgelei word dat hulle toegeerus sal wees om uitvoering te gee aan die beleid wat die Minister van Nasionale Opvoeding bepaal binne die breë raamwerk van die tien beginsels wat in art. 2(1) van Wet nr. 39 van 1967 vervat word.

Die eerste twee beginsels, naamlik dat die onderwys in alle skole wat deur 'n staatsdepartement — met inbegrip van 'n provinsiale administrasie — in stand gehou, bestuur en beheer word 'n Christelike asook 'n breë nasionale karakter



moet hê, is van onmiddellike toepassing op die opleiding van onderwysers. Christelike onderwys vereis positiewe Christelike opvoeding in *elke* vak so dat die onderwys in sy geheel die ware Christelike stempel sal kan dra tot eer van God. Ook ten opsigte van die nasionale beginsel glo die Christen-onderwyser aan die soewereiniteit van God Drie-enig en die Woord van God as die Absolute Norm oor alle terreine van die lewe. Die Christelike is die allesoorkoepelende beginsel, dit wil sê ook ten opsigte van die nasionale. Die tradisioneel Calvinistiese Afrikaneronderwys is dus na sy besondere aard en wese nie bloot Christelik en nasionaal nie, maar Christelik-nasionaal – 'n twee-eenheidsbegrip.

Wet nr. 39 van 1967 gee aan die openbare skool 'n omvattende trefwydte ten opsigte van die Christelik-nasionale onderwysbeginsels. In 'n tydperk wat al hoe meer gekenmerk word deur ontkerstening en sekularisasie word die Christelike openbare skool die bondgenoot van die Christenouers en die Christelike kerk, omdat die kind ook van die Christen-gelowige onderwyser van die werke van God in Skriftuur en natuur verneem.

Die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid van 1969 bepaal dat die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole aan universiteite moet geskied. Om onderwysers sodanig op te lei dat hulle toegerus sal wees om uitvoering aan die Christelik-nasionale onderwysbeleid te gee, is 'n Christelik-akademiese milieu tydens die opleiding 'n vereiste. Indien 'n universiteit op Christelike grondslag sy roeping wil vervul, moet die gewetenskousule – wat met sy onbybelse Godsbeskouing, 'n foutiewe mensbeskouing en skewe werklikheidsbeskouing teen die bevoegdheid van die universiteit indruis – ernstig bevraagteken word. Die universiteit is tog immers 'n selfstandige samelewingsverband en moet derhalwe self bepaal wat sy gees en karakter moet wees. Deur die handhawing van die gewetenskousule word universiteite voorgeskryf wat hulle lewensbeskouing moet wees. Lewensbeskoulike neutraliteit ten opsigte van onderwysersopleiding mag nie bestaan nie, derhalwe is die gewetenskousule self die uitdrukking van 'n bepaalde lewensbeskouing, naamlik van die humanisme wat op die universiteite afgedwing word.

Akademici mag as geroepenes van God nie die waarheid van die Skrif verloën deur 'n neutrale wetenskap te beoefen nie. Die ernstige dilemma waarvoor onderwysersopleiding by dié universiteite te staan kom wat aan die gewetenskousule gebonde is, is dat daar nie navraag gedoen word na die religieuse standpunt van die dosente wat die opleiding van Christelike onderwysers moet behartig nie. Die skrapping van die gewetenskousule en die vervanging daarvan met 'n Christelike grondslag vir die opleiding van onderwysers wat in ooreenstemming met die wet Christelike onderwys moet gee, het 'n noodsaaklikheid geword.

Ten einde die moontlike konflik tussen geloof en wetenskap by onderwysstudente te minimaliseer, word daar onder andere die volgende twee eise aan

**universiteitsdosente gestel:**

\* Elke dosent moet, sonder om aan die wetenskaplike standaard van sy werk af te doen, 'n positiewe Christelik-wetenskaplike standpunt inneem.

\* Omdat studente oor die algemeen volgeling is wat op meer as net woorde let, word daar van dosente 'n voorbeeldige en navolgingswaardige Christelike lewenswandel vereis.

## **2.3 Enkele belangrike komponente van 'n opleidingsprogram vir Christenonderwysers**

### **2.3.1 Inleiding**

Die onderwys sal teen 'n buitengewone tempo moet ontwikkel om enigsnis tred te hou met die veranderde en steeds veranderende omstandighede van ons tegnologiese era en die Suid-Afrikaanse rassituasie. Die onderwys is tans 'n veeleisende en gespesialiseerde taak wat aan die Christenonderwyser hoë akademiese, professionele en persoonlike eise stel. Vanweë die feit dat die sukses van 'n onderwysstelsel grootliks bepaal word deur die gehalte onderwysers wat opgelei word, behoort onderwysersopleiding by ons universiteite prioriteit nommer een te wees. Ter wille van die volk van môre is dit ook gebiedend dat ons vandag die regte onderwysstudente in voldoende getalle sal trek aan wie die beste opleiding gegee moet word.

Ongelukkig slaag die onderwys nog nie daarin om slegs die begaafde rekrute te werf nie. Dit is veral die stedelike Afrikaanssprekende leerlinge wat, vanweë die betreklik lae aansien waarin die onderwyser staan, 'n ongunstige en skewe beeld van die onderwysprofessie het. In stede verdien onderwysers oor die algemeen veel minder as ambagsmanne of mense met laer range in die sake-wêreld, waardeur die aansien van die onderwys ernstig aangetas word. Al hierdie belemmerende faktore stel vanselfsprekende hoë eise aan onderwysersopleiding, want daar moet steeds getrag word om die opleiding van onderwysers doeltreffender en doelgerigter te maak.

Die komponente van 'n opleidingsprogram vir Christenonderwysers moet, om aan die vereistes van die wet te voldoen, onder andere 'n studie insluit van die grondbeginsels van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouingsleer, die grondbeginsels van die Christelik-Bybelse geloofsleer, die grondbeginsels van die Christelike antropologie, die grondbeginsels van die Christelike beskawingsfilosofie, 'n grondige en 'n deeglike Christelik-wetenskaplike opleiding in die verskillende skoolvakke wat die onderwyser moet behartig en die Christelike Opvoedkunde. Wanneer al die ander vereistes wat nog aan die opleidingsprogram gestel word, byvoorbeeld proefonderwys, opleiding tot leierskap en geestelike volwassenheid, etiese, estetiese, emosionele, sosiale, ekonomiese en liggaamlike vorming, aandag moet geniet is dit te bevrageeteken of dit alles binne die patroon van 'n opleidingsprogram van drie of vier jare vir primêre

onderwysers en vier jare vir onderwysers vir sekondêre skole moontlik gemaak sal kan word.

Graag wens ek om enkele gedagtes met u te wissel oor vier fasette van onderwysersopleiding, naamlik die akademiese, didaktiese, opvoedkundige en geestelik-kulturele vorming.

### *2.3.2 Akademiese vorming*

Onderwysers wat in hulle intellektueel-akademiese toerusting 'n agterstand het, berowe die onderwysprofessie van 'n deel van sy professionele status. Myns insiens verrig 'n stelsel van onderwyskolleges wat heeltemal los staan van enige universiteitsverband skade aan die status van die onderwysprofessie deur onder andere 'n ongesonde digotomie te skep tussen personeellede van primêre en sekondêre skole. Dit is 'n voldonge feit – of ons dit ook al wil erken of nie – dat die student aan 'n onderwyskollege wat los staan van enige universiteitsverband, hom minderwaardig voel teenoor die student binne die kader van die universiteit. Vanweë die verskil op akademiese vlak, diensvoorwaardes en salarisse van kollegedosente aan die een kant en universiteitsdosente aan die ander kant, is dit vir universiteite moontlik om op 'n hoër akademiese en professionele vlak aan hulle personeelbehoefte te voorsien. Dit strek tot die voordeel van universiteitstudente deurdat hulle daardeer positief bevrug kan word en wyer kontakte en ervaring kan opdoen.

Dit is die taak van die onderwys om die kind intellektueel te bekwaam vir 'n lewe wat steeds kompleks en veeleisender word. Vanweë die sogenaamde kennisontploffing en gespesialiseerdheid van ons huidige tydsgewrig kan die onderwyser – en dit alleen met voortgesette studie en verdieping in sy vak – hoogstens op die periferie van sy bepaalde kennisgebied beweeg.

Ongelukkig hou baie diensdoende onderwysers nie rekening met die feit dat kennis op alle terreine fenomenaal vermeerder nie, en hulle wend ook min pogings aan om te studeer. Dit hou uit die aard van die saak die jammerlike gevolg in dat die onderwysprofessie status en waarde moet inboet. Ten spyte van die groot toename in die totale aantal onderwysers, blyk dit dat daar 'n relatiewe afname is in die kwalifikasies wat hulle verwerf. In Junie 1955 was daar in Transvaal sewe-en-veertig onderwysers met doktorsgrade en in Junie 1964 een-en-sestig. (Ongelukkig ontbreek die statistiese gegewens ten opsigte van die kwalifikasies van onderwysers in die Direkteur van Onderwys se jaarverslag vanaf 1965). In Junie 1955 was daar sewehonderd vier-en-dertig onderwysers met magistersgrade en/of die B.Ed.-graad en in Junie 1964 slegs drie-honderd. Terwyl die totale aantal onderwysers in die diens van die Transvaalse Onderwysdepartement van negeduisend negehonderd ses-en-sestig vanaf 1 Junie 1955 tot dertienduisend tweehonderd drie-en-veertig op 1 Junie 1964 toegeneem het, het die aantal besitters van Baccalaureusgrade slegs van

tweeëduisend negehoenderd en vyftig tot drieëduisend negeëntagtig toegeneem — derhalwe 'n afname van byna tien persent gegradueerde onderwysers in Transvaal. Hierdie jammerlike afname in die akademies gekwalifiseerde onderwysers op ons skole vind ongelukkig ook juis plaas in 'n tyd wanneer die intellektuele eise wat aan die onderwysprofessie gestel word steeds toeneem. Daar kan maar net vertrou word dat die oorpasing van die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole na universiteite hierdie onbevredigende toestand van sake sal verbeter.

Vir my bly dit nog 'n ope vraag of die uitwerk van vollediger lesreekse, die uitbouing van steeds omvangryker skemas van indiensopleiding en oriënteringskursusse ten behoeve van die minder ingeligte of minder deskundige onderwysers intensief en fundamenteel genoeg is om werklik voldoende vak-insig mee te bring wat as grondslag en voorvereiste vir doeltreffende onderwys dien.

### *2.3.3 Didaktiese vorming*

Uit die voorgaande betoog blyk dit dat 'n deeglike en grondige kennis van die vak wat gedoseer moet word die eerste voorwaarde is vir geslaagde oordrag aan die kind, sodat hy die leerstof kan verstaan en dit hom kan toeëien. Die onderwyser wat egter nie ook oor die waarom van sy leeropdrag besin nie, sal dikwels die wat en die hoe heel willekeurig kies volgens die ou tradisionele „resepte” sonder enige didaktiese en pedagogiese verantwoording. As vakspecialis moet die Christenonderwyser sy vak ook voortreflik doseer en beheers, en as toegewyde student moet hy dit steeds uitbou.

Die vakmetode is afhanklik van die beginsels en grondslae van die Algemene en Besondere Praktiese Opvoedkunde. Onderwysstudente moet vertrouwd gemaak word met die verskillende metodieke waarvolgens die besondere vak-inhoude die beste en tot die grootste voordeel van die leerlinge op die mees verantwoordbare manier aan die leerlinge oorgedra behoort te word sodat die leerlinge daardie vak begryp en reg interpreteer. Vakmetodieke is egter geen metodiese voorskrifte of reseppies nie. Die onderwyser besluit self op grond van sy eie persoonlikheid en aanvoeling oor 'n bepaalde metode aan die hand van die bepaalde inhoud en verwesenliking van 'n besondere doelstelling.

### *2.3.4 Opvoedkundige vorming*

Selfs met die voortreflikste akademies-vakkundige vorming is niemand nog as onderwyser opgelei as hy nie ook voorberei word in al die teoretiese en praktiese aspekte van die opvoeding nie.

Om te verseker dat die onderwysstudent 'n ware opvoedkundige kan wees,

moet daar ten opsigte van die so noodsaaklike Opvoedkundestudie in die opleidingsprogram vir onderwysers jaloers gewaak word teen veroppervlakking en die gebrek aan dieptedimensie. Strukture behoort gebou te word in plaas daarvan om sonder meer tegnieke te implementeer. Daar moet ernstig gewaarsku word teen die oorbeklemtoning van die beroepspraktiese ten koste van die beroepsteoretiese.

Opvoedkunde, die wetenskap van die opvoeding, ontplooi in verskillende selfstandige dissiplines, naamlik Teoretiese Opvoedkunde, Praktiese Opvoedkunde, Empiriese Opvoedkunde, Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde. Vir onderwysersopleiding is 'n studie van die hele terrein van die Opvoedkunde 'n noodsaaklike en 'n primêre vereiste ten einde die nodige dieptegang te verkry in elkeen van die genoemde dissiplines.

Vanweë die feit dat Historiese Opvoedkunde 'n belangrike deel van my persoonlike opdrag is, wil ek graag enkele gedagtes met u wissel oor die betekenis en waarde van Historiese Opvoedkunde as wetenskap.

Die belangrikheid en besondere waarde van die Historiese Opvoedkunde word ongelukkig nie altyd ten volle begryp en gewaardeer nie. 'n Konsekwensie van die pragmatisme is dat die hedendaagse jongmens slegs belangstel in die utiliteitswaarde van 'n vak en die historiese onderbou daarvan word dikwels as irrelevant en argaïes afgemaak. Hierdie argument van die hedendaagse jongmens wat prakties ingestel is en antwoorde soek vir alledaagse probleme kan verstaan, maar beslis nie altyd gewaardeer word nie. Iemand wat poog om 'n beroep te beoefen sonder om te weet van al die suksesse en mislukkings van sy besondere beroep in die verlede ly aan 'n vorm van ongeletterdheid, en sal moeilik sy roeping behoorlik kan vervul.

Om die opvoedingshandeling te verstaan, is 'n kennis van die geskiedenis van die mens en sy opvoedingshandelinge deur die eeue 'n vereiste. Die wortels van die moderne opvoedkundige gedagtes en stelsels gaan dikwels baie ver in die geskiedenis terug.

Met behulp van die feite wat historiese opvoedkundiges met betrekking tot die opvoedingsvraagstukke van die verlede blootlê word dit moontlik om verdiepte insig in die teorie en praktyk van die hede te verkry, en om 'n verantwoordbare toekomsbeleid ten opsigte van opvoeding en onderwys te ontwikkel. 'n Kennis van die Historiese Opvoedkunde help opvoedkundiges en opvoeders om dit wat deur die eeue bereik is beter te verstaan en te waardeer, en om tot die begrip te kom dat voortdurende veranderinge in die verlede nodig was, en dat ons huidige situasie ook nie staties kan wees nie. 'n Sistematiese studie van die verlede versterk die professionele bevoegdheid van die onderwyser-opvoeder. Die onderwyser-opvoeder is tog immers die draer van kultuur: op grond van sy kennis en begrip van gister vorm hy vandag die mens van môre en oormôre.

'n Tweërlei doelstelling word met die kursus in die Historiese Opvoedkunde beoog, naamlik:

\* om die student te oriënteer ten opsigte van die huidige toestande en tendense in die opvoeding en om 'n oorsig te kry van die vernaamste opvoedkundige denkrigtings wat bygedra het tot die vormgewing van die Westerse beskawing (Algemene Historiese Opvoedkunde), en

\* om die student 'n oorsig te gee van die ontstaan en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel as beliggaming van die Afrikaner se tradisionele lewens- en wêreldbeskouing.

Die kursus in Historiese Opvoedkunde word benader vanuit 'n geheel-oorsig met toespitsing op bepaalde temas. Waar en wanneer moontlik word daar met die hede gekorreleer sodat die kontinuïteit en dinamiek van die Historiese Opvoedkunde beklemtoon word.

### *2.3.5 Geestelik-kulturele vorming*

Ongelukkig vind 'n mens tans dat daar nog onderwysers is wat onbevoeg is vir die besondere pligte en verantwoordelikhede wat deur die ouers, die gemeenskap, die kerk en die staat aan hulle opgedra word. Daar moet dus tans meer as ooit vantevore gepoog word om die opleidingsprogram te rig op 'n harmoniese opleiding. Benewens die grondige en fundamentele vakkundige en beroepsopleiding, moet daar in 'n toenemende mate aandag geskenk word aan die geestelik-kulturele vorming. Aspirant-onderwysers behoort nie tot weerloosheid geïsoleer te word nie, maar moet op 'n oordeelkundige wyse in aanraking gebring word met die kontemporêre standpunte en strominge. In die regte onderwysbevorderlike milieu moet die universiteit die student teen lewensbeskoulike verwarring beskerm langs 'n weg wat hy dit mag goedvind. Een model waarvolgens dit gedoen kan word, is dié van Interfakultêre Wysbegeerte aan die PU vir CHO.

## **3. TEN BESLUIE**

Volgens J. Chris Coetzee moet die Christenonderwyser as mens van God „... volkome biologies en sosiaal aangepas wees; sy liggaam en gees moet volkome volgroeid en ontwikkelde wees; sy kennis en verstandvorming moet volkome wees; sy wil tot die goeie en sy smaak vir die skone moet volkome gevormd en ontwikkelde wees; maar bo alles moet hy volkome toegerus wees vir die diens van sy Skepper” (Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 79).

Die goed toegeruste onderwyser kan van die gespesialiseerde opvoedingstaak 'n groot sukses maak. Die Christenonderwyser moet dus akademies geskool,

professioneel gereed en deurdrenk wees met die Protestants-Calvinistiese godsdiens en vaderlandsliefde. Sierlike skoolgeboue en puik toegeruste klaslokale is lofwaardig, maar sonder bekwame en goed toegeruste onderwysers om die skole te beman, is goeie onderwys net nie moontlik nie.

Omdat dit uit die geskiedenis van die Afrikanervolk blyk dat daar geen enkele groep is wat 'n groter bydrae tot die vorming van ons volk gelewer het as die onderwyser nie, kan ek my geen belangriker taak voorstel as die onderwys en opvoeding nie. Dit is derhalwe vir my 'n heerlike voorreg om behulpzaam te kan wees met die opleiding van jong manne en vroue tot bekwame, lojale en roepingsbewuste Protestants-Christelike (i.c. Calvinistiese) Afrikaner-onderwysers en -onderwysersesse.

## GERAADPLEEGDE WERKE

COETZEE, J. Chr. 1943. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Stellenbosch, Pro Ecclesia.

DE KLERK, W.J., DUVENAGE, B. & VAN WYK, J.H. 1972. Roeping en werklikheid. Potchefstroom, Potchefstroom Herald.

FOURIE, J.J. 1972. Die opleiding van onderwysers vir die primêre skool. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, 8e jaargang, 3e kwartaal.

JOOSTE, J.H. 1970. Die onderwyser, sy taak en roeping, sy opleiding en sy status. (In: Inter Kerklike Komitee vir Onderwys en Opvoeding. 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers).

PISTORIUS, P. 1969. Gister en vandag in die opvoeding. Potchefstroom, Pro Rege.

STONE, H.J.S. 1972. Opvoeding en religie. Bloemfontein. Sacum.

T.O.D. Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys, 31.12.1925; 31.12.1955; 31.12.1964.

VAN DEN BERG, A.M. 1969. Praktiese opleiding van onderwysers in Transvaal, 'n historiese en empiriese ondersoek. Proefskrif (D.Ed.) Potchefstroom. PU vir CHO.

VAN WYK, J.H. Christelike en nasionale onderwys na aanleiding van Wet nr. 39 van 1967 en die implementering daarvan. Diktaat, PU vir CHO.

Wet no. 86/1962: Nasionale Adviserende Onderwysraadwet.

Wet no. 39/1967: Nasionale Onderwysbeleidwet.

Wet no. 73/1969: Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid.